NUUSBRIEF / NEWS LETTER

1ste Kwartaal - 2012 - 1st Quarter

Ons het heerlik vakansie gehou, dankie! 2011 was vir my 'n baie lang jaar en het ek deurgedruk tot 01 Januarie 2012, die oujaar uitgesien en die nuwejaar in. Toe, op 2 Januarie 2012, vat ons die pad na die suide. Heerlik gekuier en oorgeslaap op Colesberg en toe 3 nagte in die pragtige Simonstad deurgebring, die “berg” gaan verower en 'n rowwe rit op 'n stormsee oorleef. Daarna het 7 nagte in Langebaan vir ons gewag. Beter kan jy nie kry nie. Dit was sommer lekkerste van lekker en, oooo..... so vreeslik mooi! Maar nog was dit die einde niet. Toe is dit terug Kaapstad toe om aanboord van die Melody 2 nagte deur te bring (al wiegende en skommelende, maar nie een van ons het siek geword nie) voordat ons weer die langpad huiswaarts aangepak het. Dit was meer as 'n vakansie. Meer soos 'n belewenis. Die Here het ons bederf, mildelik voorsien en ons veilig bewaar. Dankie aan 'n ieder en 'n elk wat bygedra het om hierdie vakansie vir ons 'n onvergeetlike een te maak. Dit was “tops”! Nogmaals dankie.

Teen die tyd wat jy hier lees is ons alweer amper “oorwerk”, Talitha besig met haar voorlaaste skooljaar en Renier met sy eerste Hoërskool jaar. Vele uitdagings en geleenthede lê vir ons voor in 2012, maar diep binne in my binneste binneste weet ek 2012 gaan vir ons as gesin en die bediening 'n besonderse jaar wees. Baie dankie aan al ons vriende en bedieningsvennote wat ons so getrou ondersteun en in gebed dra. Julle is vir ons baie kosbaar. Mag 2012 ook vir elkeen van julle 'n jaar van vrede, vreugde en voorspoed in die hand van die Here wees.

'AKTIEF VIR JESUS' MEDIA SENDING
'ACTIVE FOR JESUS' MEDIA MISSION
Rudie van Heerden ~ Sendeling / Missionary www.wooma.net
Posbus / PO Box 628 Paardekraal 1752 RSA ~ 27(0)11 660 2590 / 27(0)82 560 2980 ~ active@wooma.net

Liewe Vriende en Bedieningsvennote,

EduNet

Christian Educational Network for Ministry- & Leadership Development

Soos in die vorige nuusbrief gemeld, begin ons, as die Here wil, teen 01 Maart 2012 met 'n 3de speellys/fasiliteit op WoomaNet Radio, naamlik EduNet (Christian Educational Network for Ministry- and Leadership Development), en teen April/Mei met WoomaNet Radio se eie selfoon- en rekenaartablet-vriendelike “mobi-site”. Laasgenoemde is 'n noodsaaklike verwikkeling vir WoomaNet Radio omdat dit letterlik die totale diens van WoomaNet Radio meer toegangklik maak vir Afrika en lande waar mense nie noodwendig 'n eie rekenaar met Internet-toegang het nie, maar tog oor 'n geskikte selfoon beskik. Die totale inset- en ontwikkelingskoste hieraan verbonde beloop in die omgewing van R10 000 (EduNet ingesluit).

Bid asb. saam met ons dat die nodige fondse voorsien en alle kostes gedek sal word.

Gedurende die laaste kwartaal van 2011 is ons genader met 'n aanbod om van Joyce Meyer se programme op WoomaNet Radio beskikbaar te stel. Dit was voorwaar 'n antwoord op gebed, aangesien ek al 'n geruime tyd probeer om Joyce Meyer Ministries deel van die netwerk te probeer maak. Begin Desember is die eerste reeks programme vir ons beskikbaar gestel en maak Joyce

Meyer haar debuut op WoomaNet Radio in Januarie 2012. ***Dis my gebed dat hierdie programme inderdaad lewens sal aanraak en verander, alles tot eer van Here en die uitbreiding van Sy Koninkryk.***

Your Story Hour SA is 'n uitstekende reeks Christelike programme vir kinders en word al sedert November 2011 op WoomaNet Radio uitgesaai. Die reeks is egter ook in Spaans vervaardig, maar was aanvanklik nie vir ons beskikbaar nie. Deur die genade van die Here het Hy WoomaNet Radio guns gegee by die vervaardigers en verspreiders in die VSA en is ons baie opgewonde daaroor om vanaf Januarie 2012 hierdie kinderreeks ook vir ons Spaans-sprekende luisteraars beskikbaar te stel. ***Bid asb. saam met ons dat hierdie programme Spaans-sprekende kinders in die 21 Spaans-sprekende lande se lewens sal verryk en dat Jesus vir hulle 'n werklikheid sal word.***

2012 gaan sommer 'n besige produksie-jaar vir ons wees. Sommer in Januarie skop ons al af met 'n nuwe reeks van "Vanuit die Agter-Kalahari", en in Februarie tot Maart word nog 'n reeks van "Word 'n Batebouer vir Kinders" opgeneem, sowel as 'n Afrikaans en Engelse reeks kinderprogramme, asook 'n Afrikaans en Engelse reeks Oordenkings. Saam met dit gaan ons normale produksies van "Voetstappe", "Nuwe Hoop", "Boekrak Bonus" en "Bonus Books" ook nog steeds deurlopend aan. ***Bid asb. vir die voorbereiding en vervaardiging van hierdie programme, die kostes wat dit meebring sowel as die betroubare Skrifgefundeerde inhoud van hierdie programme.***

Die media bediening van 'Aktief vir Jesus' Media Sending strek egter veel wyer as net WoomaNet Radio. Ons staan ook in vennootskap met verskeie plaaslike radiostasies aan wie ons programme verskaf en wat lugtyd aan ons gratis verskaf. So was die een hand die ander. Ek sal graag wil sien dat ons in 2012 ook harder daaraan werk om hierdie netwerk van radiostasies verder uit te brei en sodoende die Evangelie ook meer geredelik vir mense beskikbaar maak. ***Bid asb vir "oop deure" en guns by radiostasies.***

ACB 'Aktief vir Jesus' Media Sending / WoomaNet Radio is al vir etlike jare 'n aktiewe lid van die "Association of Christian Broadcasters" en sedert 2011 ook 'n lid van "Africa by Radio". Ook op hierdie gebied wag daar vir ons groot uitdagings in 2012. ***Bid asb. vir wysheid en insig m.b.t. ons betrokkenheid en insette, sodat ons voorwaar die Here se wil en visie ook hier effektief sal kommunikeer.***

Africa by Radio

2012, Goed of Sleg of wat?

Vanuit Christengeledere, die wetenskap en argeologie, ja, selfs vanuit Hollywood, word 'n basuin geblaas. "2012, die einde van die wêreld!". Eers was dit 21 Mei 2011. Toe word dit 21 Okt.2011. Nou, met alle sekerheid, 21 Des.2012. Sommige Christene beweer dat Jesus verseker in 2012 terugkom. Ander stel dit uit, want die tempel moet nog herbou word, ens. Maar wat sê die Woord van God?...en moet ons enigsins hieraan aandag gee? In die algemeen is die kerk maar redelik stil, tog word baie vrae gevra, en met reg ook. Oor die laaste jaar het ek heelwat navorsing hieroor gedoen en is tans besig met die teks ontwikkeling vir 'n reeks programme oor hierdie onderwerp. Hiermee kan nie speletjies gespeel word nie en mag geensins van die waarheid afgewyk word nie. Aannames moet ook geldige gronde hê. ***Bid asb. vir die Here se leiding hierin en dat ek te alle tye sensitief sal bly vir en ingestel sal wees op die stem van die Here en getrou aan Sy Woord sal bly.***

Aangesien die totale diens wat gelewer word **gratis** is aan almal, is ons dus 100% afhanklik van die Here vir elke donasie en/of borgskap wat ontvang word ten einde kostes te dek en vir ons persoonlike uitgawes. Sedert 1995 voorsien die Here getrou in al ons behoeftes en dra Hy ons deur. Dankie aan almal wat hierdie bediening so getrou ondersteun en ons in jul gebede dra. Deur julle bly die Here Jesus ook vir ons 'n werklikheid waaraan ons vashou. Seenwense,

Rudie, Venessa, Talitha & Renier van Heerden

Missionary: PR van Heerden - Nedbank Tak: 158105 - Rek: 1581 020 465
Ministry: Wooma.net - Nedbank Tak: 198841 - Rek: 1988 425 182